TIENDE DANKOFFERMAAND

30 NOVEMBER 2025

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | SAKKIE & SIEG | 1 SAM. 16:1-13



Hierdie Sondag is die eerste Sondag van Advent. Vir die volgende 4 Sondae dink ons aan Jesus se verskillende “komse” in ons lewens. Ons dink aan Jesus wat duisende jare terug gebore is as ons Verlosser, ons dink oor hoe Jesus elke dag kom in ons lewens en ons dink aan sy wederkoms. Ons doen al hierdie dinge om ons voor te berei vir Kersfees, die Christusfees - wanneer ons die Christuskers aansteek. Hierdie Sondag steek ons die kers van Hoop aan.

# 10DE DANKOFFERFEES

Hierdie Sondag is die Sondag waar ons ons **10de Dankofferfees** vier. Ons vra dat jy 'n laaste keer dink aan wat jy kan gee en waar jy 'n verskil kan maak.

Ons gee om ons afhanklikheid van die Here te bely, dat alles wat ons ontvang van Hom af kom en dat ons daarmee geseën is. Dis 'n manier om dankie te sê. Ons belê ook daardeur in die Koninkryk en besef weer dat ons 'n vennoot van God is om Sy Koninkryk al hoe meer te laat kom en uit te bou in die wêreld.





# FAMILIE AFSLUITINGSFEES

Ons sluit altyd die jaar op 'n hoë noot af voordat almal in verskillende rigtings gaan vir die vakansie. Hierdie **Sondag, 30 November van na die diens**. Ons kom sommer in ons kortbroek en plakkies kerk toe en ons **steek vure aan** na die diens en kuier saam in die **kerktuin**. Daar is 'n **slippery-slide** gereël so onthou jou **swembroek**. **Bring jou vleisie, kampstoel en iets om te drink** en kom kuier lekker saam voor die jaar helemal verby is. Ons sien uit om rustig saam die jaar af te sluit!

# SIEG & SAKKIE KOM KUIER BY ONS

## FAMILIE AFSLUITINGSFEES

Sakkie bly in 'n sakkie en hy kuier graag by kerke met kinders. Hy en Sieg vertel graag stories wat mense van alle ouderdomme baie laat lag en 'n bietjie dieper laat dink oor God en geloof.

Sieg hou graag eredienste waartydens mense hulle innerlike kind ontdek, sodat mense opnuut verwonderd kan raak oor God.

**30 November 2025 om 09:00 in Toringkerk.**



# KERSE VIR KERSFEES

## GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS

Ons wil net vir elkeen wat deel was van die Kerssangdiens baie dankie sê. Ons waardeer elkeen se hulp en moeite so baie. Elkeen wat met dekor gehelp het, deel was van die koor of instrument gespeel het, eetgoed gebring het en wat die aand saam geniet het. Dit was ‘n goeie manier om die Adventstyd in te gaan wat **hierdie Sondag begin met die eerste Adventskers: Hoop**. Mag dit vir elkeen ‘n geseënde tyd wees!






# KERSDAG BESOEK AAN RUSOORD

Ons wil baie graag vir die bejaardes van Rusoord wat inbly op Kersdag ‘n klein ietsie vat en ‘n geseënde Kersfees toewens. Dit sal direk na afloop van die diens (09:30) gebeur en ons kry mekaar sommer by Rusoord se ingang. Ons sal seker so uur besig wees op die meeste.

Dit sal wonderlik wees as jy en jou naastes saam kom, dis een manier om die wat eensaam is by te staan en ook iets van Christus wat na die wêreld toe gekom het te laat beleef. Ons bly Sy hande en voete hier in ons gemeenskap.

# DIEP & VER KERSFEES 2025

As deel van Toringkerk se gemeenskapsbediening wil ons graag vir Kersfees aan die gesinne wat deur NFC bedien word, geskenkpakkies gee. Daarvoor benodig ons:

– enige nie-bederfbare kosprodukte
– snoeperye soos koekies, lekkers, ingelegte vrugte, jellie, vla, ens
– toiletware, skoonmaakmiddels of enige ander huishoudelike artikels.

Houers sal vir die volgende paar weke in die voorportaal wees waarin produkte geplaas kan word. Bydraes word opreg waardeer.

***Kontak Hannetjie Lotz (0836501860) vir verdere inligting.***



[ EREDIENSTYE ]

# kerstyd



30 NOV

**FAMILIE AFSLUITINGSFEES**

**Toringkerk | 09:00**



25 DES

**KERSDAGDIENS**

**Toringkerk | 08:30**



31 DES

**OUJAARSDIENS**

**Strooidak | 23:00**




18 JAN

**WELKOM TERUG!**

**Toringkerk |09:00**

## VAKANSIE-TYE

**Die kerkkantoor is toe van 20 Desember 2025 tot 7 Januarie 2026.**

Jy is welkom om die leraar aan diens te kontak indien jy ‘n behoefte het.

Jana is met verlof van 7 - 19 Desember 2025.

Peet is met verlof van 20 Desember 2025 tot 4 Januarie 2026.

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

30 Nov Marleze Goosen
30 Nov Gavin Hartley
30 Nov Marita Mans
30 Nov Jac Viviers
01 Des Lizelle Boetzkes
01 Des Hannie Jonker
01 Des Lizelle Krige
01 Des Marnus Maree
01 Des Marizaan Meyer
01 Des Liam Pieters

01 Des Ruben Swanepoel
01 Des Renate Wiese
02 Des Huimari Franken
02 Des L'zuné Gildenhuys
03 Des Mark Pelser
04 Des Karo Engelbrecht
04 Des Ian Kellerman
04 Des Jana Van den Munckhof
04 Des Mau Van der Mescht
05 Des Henning Booysen

05 Des Ruben Gelderblom
05 Des Charisna Groenewald
05 Des Marsha Schwartz
05 Des Adelinda Smit
05 Des Ida Uys
06 Des Rouxné Booysen
06 Des Jaymee Cooper
06 Des Marian de Wet
06 Des Elzaan Immink
06 Des Mariska Nel
06 Des Daniël Van Rooyen

# KINDERS & JEUG

**KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)**

Geen Kinderkleingroepe hierdie Sondag.

**KRUISCONNECT (GR. 8-10)**

Geen KruisConnect hierdie Sondag.

**TIENERKERK (GR. 7-12)**

Tienerkerk is klaar vir die jaar.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 30 Nov**
Matt. 24:42-44

**MAANDAG, 1 Des**
Ps. 43

**DINSDAG 2 Des**
Jes. 2:2-5

**WOENSDAG, 3 Des**
2 Kor. 8:7-15

**DONDERDAG, 4 Des**
1 Kor. 12:31-13:13

**VRYDAG, 5 Des**
1 Joh. 1:1-4

**SATERDAG, 6 Des**
Jer. 33:14-16

**SONDAG, 7 Des**
Jes.11:1-10

# DEURKOLLEKTE

## TIENDE DANKOFFER

Novembermaand is ons gemeente se maand van dankbaarheid. Dit is in hierdie tyd waar ons bo en behalwe ons normale dankoffer iets ekstra, uit danbaarheid vir ons seëninge, gee. Hierdie bydrae speel 'n belangrike rol om die bedieninge in ons gemeenskap moontlik te maak.

# RUSOORD EREDIENS

## SONDAE IN RUSOORD SE KAPEL OM 10:30

Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek help met hierdie bediening.

# KALENDERBORG: NOVEMBER




# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.